# Les 18 ONS IS DEUR DIE HEILIGE GEES GEWAARMERK AS DIE EIENDOM VAN GOD

## 1. Ketels het ʼn naamplaatjie en simbool op

As jy mooi op ʼn ketel kyk, dan sal jy sien daar is iewers op die ketel ʼn naamplaatjie met ʼn simbool op. Die naamplaatjie kan iets wees soos "Samsung" of "General Electric". Die simbool is ʼn prentjie wat vir jou wys dit is hierdie maatskappy wat hierdie ketel gemaak het soos hy is.

Ons is ketels. Die Here het aan ons ook ʼn naamplaatjie met ʼn simbool of ʼn teken gegee.

Kan julle dink waar het dit gebeur? Waar het julle, nes ketels, ʼn naamplaatjie met ʼn teken gekry?

Dit het by julle doop gebeur!

Toe julle gedoop is, het julle die naamplaatjie gekry: "In die Naam van die Vader, die Seun, en die Heilige Gees." Die simbool of teken waarmee julle hierdie naam gekry het, was die doop.

Die doop is, net soos met die ketel, ʼn naamplaatjie met ʼn simbool.

## 2. Beseël as eiendom

Kom ons lees Efesiërs 1 verse 1, 13b, en 14. Saam:

*"[3] Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is ... In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as die eiendom van God beseël. [14] Die Heilige Gees is die waarborg dat ons ook verder sal ontvang wat God belowe het, wanneer Hy almal wat aan Hom behoort, volkome sal verlos. Daarom moet ons sy grootheid prys."*

Hoekom sit ʼn maatskappy sy naam en simbool op ʼn ketel? Dit wys dat hierdie ketel die eiendom van die maatskappy is. Hulle het die ketel gemaak om te lyk soos hy lyk, en om te werk soos hy werk.

Mense kan ketels koop, gebruik en bêre, maar watse tipe ketel ʼn ketel is, word nie bepaal deur wie die ketel koop en gebruik nie. Dit word bepaal deur wie die ketel ontwerp en maak.

As ʼn ketel hierdie wapen op het, bly dit altyd verseker ʼn "Samsung"-ketel.

**3. Beseël as waarborg**

Hoekom is hierdie eienaarskap van "Samsung" so belangrik? Dit gaan oor die waarborg van die ketel. Indien die ketel altyd die naam en simbool dra van die maatskappy, is die maatskappy vir altyd verantwoordelik vir die ketel. Hulle moet sorg dat die ketel kan werk en blý werk, en as iets verkeerd gaan, moet hulle sorg dat dit weer regkom.

Waarborg beteken die maatskappy wat die ketel gemaak het soos hy is, sorg vir altyd dat die ketel bly werk soos wat hulle beloof het dit sal werk.

Hoekom is hierdie naamplaatjie en simbool so belangrik?

Dit is die bewys dat die ketel gewaarborg is deur die maatskappy wie se naam op die ketel staan.

**4. Die doop beseël ons as eiendom van God, met die Heilige Gees as Waarborg**

**Wat is die naam waarmee ons verseël is?** Dit is die naam van God die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Aan wie behoort ons op só ŉ manier dat ons eiendom is?

- Ons is nie ons ouers se eiendom nie. Ons is hulle kinders en hulle is ons ouers.
- Ons is nie ons vriende se eiendom nie. Ons behoort nie aan ons vriende nie.
- Ons is ook nie die kerk se eiendom nie. Ons is net lidmate van die kerk.
- Ons is ook nie die regering van die land se eiendom nie. Ons is net burgers van die land, en onderdane van die regering.

As ons hierdie naamplaatjie en simbool dra: "In die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees" met die doop – dan behoort ons net aan God. Ons is nét God se eiendom, niemand anders s'n nie.

Die gawe van die Heilige Gees wat God aan die kerk gegee het, het julle met hierdie naamplaatjie en simbool beseël.

**Wat verseker hierdie naamplaatjie en simbool ons?** Dit verseker ons dat die Heilige Gees die waarborg is dat ons sal werk soos ons moet werk, en dat ons met alles toegerus en uitgerus is waarmee ŉ kind van God toegerus en uitgerus moet wees.

Die Heilige Gees is die waarborg dat ons alles sal kry wat ons nodig het om ketels in diens van God te kan wees.

## 5. <u>Die Heilige Gees waarborg ons is wedergebore</u>

Paulus sê in Ef. 1: *"In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as die eiendom van God beseël"*. Dit is die Heilige Gees wat sorg dat ons "in Christus" is en bly.

Hoe doen die Heilige Gees dit? Kom ons kyk hoe verduidelik Paulus dit vir Titus, een van die predikante wat hom gehelp het in sy werk:

*"[4] Maar toe het die goedheid van God ons Verlosser en sy liefde vir die mens verskyn. [5] Hy het ons verlos, nie op grond van iets wat ons vir ons vryspraak gedoen het nie, maar op grond van sy eie ontferming. Dit het Hy gedoen deur die wedergeboorte wat die sonde afwas, en deur die Heilige Gees wat nuwe lewe gee. [6] God het die Heilige Gees oorvloedig op ons uitgestort deur Jesus Christus ons Verlosser."* Titus 3

In die 1933 Afrikaans vertaling van die Bybel klink dieselfde vers só:

*"[4] Maar toe die goedertierenheid van God, ons Verlosser, en sy liefde tot die mens verskyn het -[5] nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees [6] wat Hy ryklik uitgestort het op ons deur Jesus Christus, ons Verlosser; [7] sodat ons, geregverdig deur sy genade, erfgename kan word ooreenkomstig die hoop van die ewige lewe."* Titus 3

### .1 Weer gebore

Die doop word 'n "bad" genoem, en hierdie "bad" gaan oor die wedergeboorte. Wat is hierdie "wedergeboorte"? "Weder" beteken weer 'n keer. "Wedergeboorte" beteken om weer 'n keer gebore word.

### .2 Gebore sonder 'n kontakpunt

Kom ons kyk na hierdie ketel! Hierdie ketel het 'n element binne-in hom. Die ketel het 'n handvatsel, 'n tuit en 'n deksel – alles wat 'n ketel moet hê.

Gaan hierdie ketel kan werk? Wat kort? Hierdie ketel het nie meer 'n kontakpunt nie. Sy kontakpunt het verloor!

Die Bybel leer ons dat vandat Adam en Eva sonde gedoen het, alle kinders gebore word sonder hierdie kontakpunt: 'n hart met geloof en liefde. Alle kinders word "in sonde ontvang en gebore"; dit beteken hulle het nog hulle talente en hulle is nog ketels, maar hulle is sonder hierdie kontakpunt: die hart met geloof en liefde.

**.3 Wat is wedergeboorte?**

Dit is wanneer die Heilige Gees weer vir ons hierdie kontakpunt gee. Hy maak ons weer soos ons moet wees: met ʼn hart wat die Evangelie glo, en liefde wat na die Wet van die Here luister.

**.4 Hoekom word hierdie werk wat die Heilige Gees met ons doen, "wedergeboorte" genoem? Dis net God wat dit doen**

- Omdat dit is hoe die Here ons van die begin af bedoel het om te wees.
- Omdat dit net die Heilige Gees is wat hierdie kontakpunt vir ons maak.

ʼn Ketel kan nie hierdie kontakpunt aan homself vassit en vasmaak nie. Net so kan mense nie self hierdie hart met geloof en liefde maak, of in hulle lewe insit nie. Dit is nét God wat dit deur die Heilige Gees vir en met ons doen.

**.5 Vergifnis en wedergeboorte is altyd een en dieselfde gawe van God**

Sal dit die ketel sonder ʼn kontakpunt help as jy hom net mooi skoon was en alle vuil kolle van hom afvryf? Kan ʼn mooi en skoon ketel sonder ʼn kontakpunt krag ontvang, stroom terugstuur en kook? Dit kan nie!

Net so is daar nie iets soos vergifnis by God waar Hy maar net al ons sonde weg was, maar ons nie ʼn nuwe hart gee wat in Hom glo en Hom liefhet nie.

Daarom word hierdie gawe genoem: *"die wedergeboorte wat die sonde afwas..."*. Waar God vergewe, gee Hy altyd ʼn nuwe hart wat glo en liefhet.

**.6 Gewaarborg om anders te wees**

Hoekom word dit die "bad" van wedergeboorte genoem? Ons word met water gedoop omdat Jesus Christus aan ons die Heilige Gees as gawe gee, en die Heilige Gees gee aan ons hierdie nuwe gawe: ʼn hart met geloof en liefde. ʼn Hart wat weer kan inskakel op die Evangelie en die Wet.

Sal ʼn maatskappy ooit ʼn naamplaatjie op ʼn ketel sit as die ketel nie ʼn kontakpunt het nie?

Daarom word die doop met water waarmee ons gedoop word, ʼn verseëling genoem: dit verseker ons dat die Heilige Gees sélf hierdie kontakpunt weer vir ons ingesit het : ʼn hart met geloof en liefde.

**6. <u>Die Heilige Gees waarborg dat ons "in Christus" is</u>**

Kan ʼn ketel met ʼn kontakpunt kook as hy nie met die koord by die kragnetwerk ingeprop is nie?

Net so sal die gawe van wedergeboorte ons niks help as ons nie terselfdertyd ingelyf is by Christus as mens in die Hemel nie.

Kom ons kyk weer na Efesiërs 1:

*"3 Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is ... In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as die eiendom van God beseël."*

Al die seëninge waarmee Christus ons seën, is die gawes wat Hy vir ons verdien deur alles in die Hemel vir ons om te draai, nes 'n dinamo.

Hoe kry 'n ketel deel aan al die krag wat opgewek word in Ellisras? Deur die koord wat hom inlyf by 'n kragnetwerk, en hom insluit by die dinamo!

Die Heilige Gees gee ons ook hierdie waarborg. Hy lyf ons deur die Woord van die Here by Hom in, en laat ons op hierdie manier deel kry aan die Here wat in die Hemel vir ons mens is.

Ons hoef niks te doen om by die Here ingeskakel te word nie, net soos 'n ketel niks doen om ingeskakel te word by die dinamo nie. Dit is die kragnetwerk wat deur die koord werk, wat jou inskakel by Jesus Christus in die Hemel.

Dit is die waarborg wat in die doop vir elke kind van gelowige ouers gegee word: die Heilige Gees waarborg dat hierdie kind ingeskakel sal wees by Jesus Christus.

<u>Opsomming</u>
Die doop verseker ons dat die Heilige Gees ons die gawe van wedergeboorte geskenk het, en dat Hyself ons by Jesus Christus ingelyf het.
Die doop verseker ons dat ons die eiendom van die Here is.

## 7. In afgodsdiens glo mense hulle bekerings laat hulle wedergebore word

Kyk na hierdie ketel sonder 'n kontakpunt. Wat is hier waar die kontakpunt moes wees? Net 'n gat. Mense wat met afgodsdiens besig is, glo dat as die ketel net tot bekering kom – dan sal hierdie gat toegaan en sal God die kontakpunt aansit.

'Bekering' beteken om jou sondes raak te sien as verkeerd, jammer te wees dat jy God met jou sonde teleurgestel het, en om goeie werke te begin doen.

In keteltaal beteken dit 'n ketel moet begin om 'n stroom na die bloudraad te laat vloei en begin water kook – dit is bekering!

Kan ŉ ketel met so ŉ gat in waar geloof en liefde moes wees, stroom na die bloudraad stuur? Kan so ŉ ketel se element warm word?

Kyk hoe dom is dit om te sê – eers as die ketel dit doen, sal die Here vir die ketel ŉ kontakpunt gee!

Dit werk net presies andersom. Dit is éérs die Heilige Gees wat vir jou die nuwe hart gee, en dan kan jy glo en bekeer.

In afgodsdiens sê hulle nee! Eers bekeer en liefde – dan gee God jou wedergeboorte: ŉ nuwe hart! Lekker dom!

**8. In afgodsdiens glo mense wedergeboorte is om God binne-in jou te hê**

Die Heilige Gees waarborg dat Hy ons by Jesus inlyf. Hy is die kragnetwerk wat sorg dat ons net deur ŉ gewone koord: die Woord van die Here, volledig by Jesus Christus, ons dinamo in die Hemel, ingelyf is.

In afgodsdiens sê mense: nee, om Jesus in jou te hê, beteken God sélf moet binne-in jou lewe inkom!

Wat bedoel hulle?

Hulle bedoel jy moet ŉ ketel wees met ŉ kragsentrale binne-in jouself. Hulle glo dat as jy jou lewe vir God oopmaak, dan kom God sélf binne-in jou lewe in, en dan kan ander mense God binne-in jou lewe raaksien.

Kan ŉ kragsentrale, ŉ dinamo of ŉ kragnetwerk binne-in ŉ ketel inkom? Dit is belaglik. Die kragnetwerk bly waar dit is. Die dinamo bly waar dit is, en die kragsentrale bly waar dit is. Net so bly God die Vader, die Seun, en die Heilige Gees waar hulle is. Wat binne-in ons inkom, is die liefde, genade en goedheid van God wat na ons toe vloei.

God die Vader, Jesus as mens in die Hemel, en Sy Gees is nie iets wat binne-in ons moet inkom nie. Dit is soos om ŉ kragsentrale binne-in ŉ ketel te wil druk.

Hierdie mense kan nie dink hoe groot en magtig en anders is God as mense nie.

**9. In afgodsdiens glo mense die doop verseker nie wedergeboorte en jou insluiting in Christus nie**

In afgodsdiens dink mense die doop met water verseker en waarborg jou niks nie. Dit waarborg en verseker nie jou wedergeboorte nie, en dit is nie die versekering dat die Heilige Gees waarborg om jou in te skakel by Jesus Christus nie.

Hulle glo al is jy ŉ ketel met die naamplaatjie van die maatskappy en die simbool van die maatskappy op – is jy nog steeds ŉ ketel met net ŉ gat, sonder ŉ kontakpunt: is jy nie wedergebore nie, en buite Christus.

Hoekom dink hierdie mense só?

Dit is tog nonsens dat ŉ maatskappy sy naam op ŉ beker met ŉ gat sal sit? Net so is dit nonsens dat God ons met die doop verseël, maar die Heilige Gees gee ons nie die wedergeboorte nie, en skakel ons nie by Christus in nie.

Dit is omdat hulle dink soos die goue teepotte!

Goue teepotte het ook ŉ naam en simbool – maar dit gee hulle niks krag nie. Hulle krag kom as hulle hul dekseltjies oopmaak en kookwater inkry, of op ŉ rak staan en mooi lyk. Hulle weet glad nie wat die naam en seël op ŉ ketel beteken nie – want hulle is nie deel van die gawe van die Heilige Gees nie.

Hulle het ŉ gees van afgodsdiens, waar hulle glo God moet in hulle raakgesien word, omdat hulle God sélf binne-in hulle het.

Die gawe van die Heilige Gees wat die Here vir ons gee, gee ons ŉ nuwe hart wat glo en liefhet: Hy gee ons wedergeboorte, en Hy maak ons die eiendom van God. Om dit te verseker, gee Hy ons die naamplaatjie en simbool wat dit waarmerk: die waterdoop in die Naam van die Vader, en die Seun, en die Heilige Gees.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

______________________________

Handtekening: ouer of voog